

## BY DIE UITTREDE VAN PROF. DR. H. P. WOLMARANS

Dit was met 'n gevoel van weemoed dat ek kennis geneem het van die feit dat Prof. Dr. H. P. Wolmarans aan die einde van hierdie jaar die tuig moet neerlê. Wat het die tyd nie gou verbygesnel nie. Vir my is dit asof dit nog gister was toe ek Prof. Wolmarans as student aan die destydse T.U.K., leer ken het. Wat het die omstandighede nie sedert dié dae verander nie. Toe was daar maar 'n paar honderd studente, vandag is daar netsoveel duisend. Toe was die getal teologiese studente sewe, en volgens die *Almanak* van 1959 is daar nou vier-en-veertig.

Prof. Wolmarans was in daardie jaar 1921 in sy finale jaar. As student was sy besadigdheid en rustige waardigheid reeds opvallend. In 1922 is hy as predikant georden in die gemeente Zeerust en vir sestien jaar het hy as predikant in Zeerust, Pietersburg en Boksburg gestaan. As professor het hy die Kerk vir een-en-twintig jaar gedien. Vir sewe-en-dertig jaar het hy dus in diens van die Kerk gestaan.

Dit was 'n besonder belangrike tydperk in die geskiedenis van ons Kerk. Waar die tydperk wat voorafgegaan het, 'n tydperk van storm en drang was, het daar nou 'n tydperk van vreedsame ontwikkeling aangebreek. Wat met moeite en stryd uit die wrakstukke van die mislukte Kerkvereniging gered is, moes nou uitgebou en ontwikkel word. Dit het egter nie beteken dat alles maar so gemaklik en stil verloop het nie. Die Kerkvereniging en sy droewige nasleep het die gemeentes agterdogtig gemaak, sodat hulle nie maklik die leiding van 'n predikant, veral 'n jong predikant, aanvaar het nie. 'n Predikant moes in dié dae eers baie oortuigend sy goeie trou bewys. Prof. Wolmarans het as jong predikant volkome hierin geslaag. Sy kalme, besadigde optrede, sy eerlike en ernstige lewenshouding het die vertroue gewen. Hy het dan ook al die jare die agting van sy gemeentes, sy studente en die hele Kerk geniet. Hy het daarin geslaag om deur sy houding en optrede en ook deur sy persoon iets van ons voorvaders in die moderne tyd in te dra. Dit is seker een van sy grootste verdienstes dat hy op 'n unieke wyse die gebondenheid van ons Kerk, in die teenswoordige gejaagdheid om steeds nuwe aanpassings te verwerk, aan die stoerheid en eenvoud van die verlede verpersoonlik het. Hoe groot hierdie verdienste in werklikheid is, sal nog later gesien word. Sy vaderlandsliefde en sy intense meelewing met ons volk in sy stryd om die erwe van ons vaders te behou, was 'n inspirasie vir sy studente en ons almal.

Prof. Wolmarans sal nie maklik vervang kan word nie. Ons Kerk sal hom mis en ons Opleiding sal hom mis. Persoonlik neem ek met hartseer kennis van sy uittrede.

Ek kan ook nie nalaat om 'n woord van waardering te rig aan Mev. Wolmarans wat saam met hom al die jare so vurig en toegewyd gewerk het nie. Gelukkig hoef sy nie af te tree nie en sal die Kerk nog haar toegewyde dienste in die N.H.S.V. behou. Aan altwee van hulle wil ons dan sê dat die Kerk sal onthou wat hulle was en gedoen en beteken het.

A. J. G. OOSTHUIZEN,

Voorsitter: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.